

A 3.1.1 MISSIONALE EKKLESIOLOGIE

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Gert Cordier (Voorsitter)
Anton Fick (Goudland)
Gielie Loubser (Wes- & Suid-Kaap)
Rethie van Niekerk (Oos-Kaap)
Rudi van Vuuren (Noord-Kaap)
Mike Heaney (KZN)
Gideon van der Watt (Vrystaat)
Jana de Lange (Noordelike Sinode)
Jannie McDuling (Hoëveld)
Johan Koen (Oostelike Sinode)
Fourie van den Berg (Namibië)

2. OPDRAG VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die volgende aanbevelings is in 2015 deur die Algemene Sinode goedgekeur (A.7.4) en vorm die raamwerk waarbinne die taakspan sy funksie verrig het:

- 8.2 Die Algemene Sinode kontinueer die opdrag aan die Projekspan: Missionale Ekklesiologie om 'n sinodale netwerk te wees en gesprekke in sinodes te fasiliteer.
- 8.3 Die Algemene Sinode versoek die Projekspan om voort te gaan met die samestelling van 'n "Toolkit".
- 8.4 Die Algemene Sinode versoek die Projekspan om voort te gaan om die vordering met betrekking tot die implementering van die Raamwerkdokument in teologiese opleiding te fasiliteer.
- 8.5 Die Algemene Sinode versoek die Projekspan om kerkplanting verder te ondersoek en die Moderamen met 'n aanbeveling te dien.
- 8.6 Die Algemene Sinode versoek die Projekspan om navorsing te doen oor die nuutste insigte met betrekking tot evangelisasie en verslag te doen aan die Moderamen.

3. WERKSAAMHEDE EN TAAKAFBAKENING

3.1 VERGADERINGE

Naas die vergaderinge van die projekspan vir Missionale Kerkwees waarby die voorsitter vir Missionale Ekklesiologie teenwoordig was, het die volle taakspan vir Missionale Ekklesiologie by drie geleenthede vergader:

28 & 29 Jan 2016
19 & 20 April 2017
11 & 12 April 2018

Vergaderinge is gehou te Emseni saam met die ander taakspanne wat deel uitmaak van Missionale Kerkwees.

3.2 WERKSWYSE EN FOKUS

Die taakspan het die opdrag van die Algemene Sinode van 2015 (sien 2.1 hierbo) ontvang en hanteer. Die taakspan is van oordeel dat die opdragte soos vervat in 8.2, 8.3 en 8.4 reeds voldoende deur verskillende taakspanne binne die verband van die Algemene Sinode hanteer word, en om derhalwe te fokus op die uitvoering van die opdragte soos vervat in 8.5 en 8.6. Die taakspan onderskei in die lig hiervan twee fokusse vir sy werksaamhede tot en met 2019, naamlik: 1. Evangelisasie binne Missionale Konteks, en 2. Kerkplanting en die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe.

'n Taakspan word vir elkeen van hierdie fokusareas saamgestel met die oog op verdere navorsing en die ontwikkeling van toepaslike produkte vir gebruik binne die groter kerklike gemeenskap. Produkte sal ontwikkel word in samewerking met Dr Pieter de Wet (Navorsing) en Bybelmedia.

Die navorsingsopdrag vir elk van die twee fokusse word as volg geformuleer:

3.2.1 EVANGELISASIE BINNE MISSIONALE KONTEKS

(Koördineerder: Gielie Loubser)

Die taakspan neem kennis dat die Oostelike Sinode en Wes-Kaapland reeds besig is om soortgelyke navorsing te doen. Aansluiting hierby sal gesoek word.

Die projek se volgende fase het die volgende aksiestappe:

Inhoud versameling:

Gielie Loubser het die opdrag om sinodes wat tans hieraan werk se inhoud oor hulle verstaan van evangelisasie te versamel en te versprei. Daarna moet daar "content consensus" gesoek word tussen die verskillende opsies.

Sinodale medewerking.

Al tien sinodes moet die geleentheid kry om deel te wees van die nadenke en toetsings van bestaande metodieke en inhoude. Daarvoor sal die taakspan-lede die eerste adres wees vir die betrokke sinodes, maar die sinodes wat nie tans aktiewe lede op die taakspan het nie moet ook gekontak word. Dit sal ideaal wees om 20 gemeentes te identifiseer (2 uit elke sinode) wat sal dien as toetsgemeentes maar daar kan ook meer gemeentes betrokke wees.

Navorsing en ontwikkeling:

Alle metodieke, dokumente en metafore wat tans in 'n missionale konteks gebruik word in Evangelisasie moet met die rolspelers getoets word sodat daar konsensus kan kom en dit met die hulp van Bybel Media in 'n eerste prototipe ontwikkel kan word.

Toetsing en verdere ontwerp:

Hierdie prototipe word dan vir 'n toetsronde uitgerol na die tien sinodes. Daar moet dan goeie terugvoer kom om verdere verfyning van die prototipe te kry sodat dit in 'n produk ontwikkel kan word.

3.2.2 KERKPLANTING EN DIE VORMING VAN NUWE GELOOFSGEMEENSKAPPE

(Koördineerder: Jana de Lange)

Fokus:

Die fokus is om die verhare van reeds bestaande nuwe geloofsgemeenskappe te vind en neer te skryf, as inspirasie en voorbeeld vir ander gemeentes om ook daarvoor na te dink en te oorweeg.

Definisie vir nuwe geloofsgemeenskappe:

'n Vars uitdrukking van kerk of nuwe geloofsgemeenskap is 'n vorm van kerkwees wat begin is met die hoofdoel om hulle te bereik wat TANS NIE deel is van enige ander kerk/geloofsgemeenskap NIE. Dit sal tot stand kom deur beginsels van luister, diens en geloofsvorming (dissipelskap). Dit is volwaardig kerk as die volgende verhoudinge deel is van die gemeenskap:

- Opwaarts - Aanbidding van God Drie-enig
- Na binne - Gemeenskap van gelowiges wat mekaar versorg en geloofsvorming wat plaasvind
- Na buite - Gestuur na die wêreld en persone buite die kerk om die Goeie Nuus met hulle te deel
- Deur - Gekoppel aan die groter kerk van God oor die hele wêreld en deur al die eeue heen

'n Nuwe geloofsgemeenskap het NOOIT ten doel om lidmate van enige bestaande gemeente/kerk af te rokkel nie.

Situasies/katalisators vir die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe:

In ons gesprekke, het ons besef daar is verskeie situasies/katalisators vir die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe in/deur die NG Kerk. Die volgende vier oorhoofse situasies/katalisators sal dien om die verskeie verhare saam te groepeer.

1. Die huidige demografie van 'n gemeente verander.
Dit is veral die belewenis van middestad gemeentes (maar daar is ook ander wat soortgelyke verandering beleef), waar die voorheen hoofsaaklik blanke, Afrikaanse woonbuurt verander na 'n

meer kultureel diverse woonbuurt. Die gemeente word dan "gedwing" om die nuwe inwoners van die omgewing te bedien op nuwe en kultureel toepaslike maniere. Dus, dikwels verander die bestaande gemeente se manier van bediening en nuwe mense word bereik met die evangelie. Die gemeente het 'n gedaanteverwisseling ondergaan meer as wat dit 'n doelbewuste nuwe geloofsgemeenskap is, maar nietemin het daar 'n nuwe diverser geloofsgemeenskap ontstaan.

2. Nuwe geografiese uitbreidings en ontwikkelings.
Woonbuurte en stede wat verder uitbrei en ontwikkel skep nuwe geleenthede vir bestaande gemeentes om in die nuwe ontwikkeling 'n bediening te begin, waar nuwe mense wat in die ontwikkeling intrek bedien kan word. Hierdie herinner aan die tradisionele wyse waarop die NG kerk altyd tevore gegroei het - met nuwe gemeentes wat in 'n nuwe gebied gestig word deur bestaande gemeentes.
3. Doelbewuste nuwe geloofsgemeenskappe wat begin word.
Hierdie kan by enige gemeente plaasvind, waar daar nie noodwendig nuwe ontwikkelings is of geen groot demografiese veranderinge ondergaan nie, maar waar 'n gemeente besluit om 'n nuwe geloofsgemeenskap te begin vir mense wat tans nie bereik word deur die huidige bediening nie. Hierdie is die naaste aan die Fresh Expressions gedagte.
4. Bestaande dienswerk/diakonaat wat na 'n tydjie doelbewuste geloofsvorming begin implementeer.
Tans het baie NG gemeentes bestaande diakonale bediening of diens van barmhartigheid projekte, waar daar noodverlening, sosiale ontwikkeling en diens geskied. Baie van hierdie projekte sal tot nuwe geloofsgemeenskappe kan lei, indien daar doelbewuste evangelisasie en geloofsvorming as deel van die projek plaasvind.

Uitkoms:

Die beplande uitkoms is om in samewerking met Dr Pieter van der Walt (PSD Navorsing) die verskeie verhale vind en beskryf van reeds bestaande nuwe geloofsgemeenskappe in die NG kerk. Media vir die kommunikasie hiervan sal in samewerking met Bybelmedia ontwikkel word.

4. VORDERINGSVERSLAG: EVANGELISASIE BINNE MISSIONALE KONTEKS

4.1 INLEIDEND

Verskillende rolspelers het saamgewerk om uit te kom by 'n raamwerk wat gemeentes kan gebruik om mense opnuut vir evangelisasie toe te rus. Meer as 60 gemeentes van oor die hele land het insette gemaak. Bybel-Media (Nico Simpson) het gehelp met ontwerp en het 'n prototipe van die materiaal gepubliseer. Anka du Plooy van Ekklesia se navorsingseenheid het terugvoer versamel en verwerk.

Hierdie raamwerk word tans getoets in verskillende gemeentes en terugvoer word verkry ten einde die raamwerk te verbeter en te kom by iets wat gemeentes met vertroue kan gebruik en wat kan help dat ons met nuwe motivering en vaardighede die goeie nuus van die evangelie met ander mense deel.

Die huidige titel: *VERTEL: Dra die Goeie Nuus. Getuig oor God se liefde.*

Veral twee gewaarwordings het deurentyd onder ons aandag gekom.

Die eerste gaan oor die *inhoud van die goeie nuus*. As ons sê dat die evangelie goeie nuus is, wat is die inhoud van hierdie goeie nuus van die evangelie? Ons gewaarwording was dat ons moet beweeg van 'n verskraalde verstaan van die evangelie na die voller evangelie wat ons hele lewe raak, en wat lei tot groter heilheid, vrede en tot lewens/ omgewings wat floreer.

Die beeld vir die verlossing waarmee baie van ons grootgeword het, en waarop vorige evangelisasieprogramme gebaseer is, verduidelik die evangelie soos volg:

- Ons oortree die wet;
- Ons verdien die ewige straf;
- Jesus het die straf gedra in ons plek aan die kruis;
- Jesus het vir ons skuld betaal;
- Ons moet dit aanvaar.

Bogenoemde is 'n treffende beeld vir die goeie nuus van die evangelie en word deur die Bybelse verkondiging onderskryf. Maar dit is slegs een manier om die evangelie te verduidelik. Daar is ook baie ander beelde in die Bybel wat ons kan help.

Die tweede gewaarwording hou verband met die wyse waarop ons die goeie nuus van die evangelie met ander deel. Miskien kan ons dit ten beste saamvat as 'n beweging vanaf *downloading* na dialoog. Of vanaf "die evangelie aflaai op mense" na 'n ontdekking van hoe die goeie nuus binne die verhouding en gesprek met ander nuwe lewensmoontlikhede oopmaak. Hierdie aspek word deeglik bespreek in die verslag van Getuienis wat in 2011 by die Algemene Sinode gedien het.

Daarom wil die raamwerk probeer om mense te help om die goeie nuus self persoonlik opnuut te ontvang, geleenthede raak te sien waar ons die goeie nuus met ander kan deel en vaardighede te ontwikkel om hierdie soort gesprekke te voer in egte dialoog.

4.2 EVANGELISASIE BINNE MISSIONALE KONTEKS

4.2.1 DEFINISIE

David Bosch beskryf evangelisasie as 'n onderdeel van die missionale roeping van die kerk. In terme van die *Missio Dei* is die kerk se sending die *omvattende taak* waarby God die kerk betrek met die oog op die verlossing van die wêreld. Sending is dus die omvattende betrokkenheid by die verlossing van die hele wêreld (mens, aarde, natuur, hele skepping), tot eer van God.

In die hart van sending, trouens in die hart van al die aktiwiteite van die kerk (gemeentebediening, diens van barmhartigheid, getuienis na buite, ensovoorts), het ons egter met evangelisasie te make. Evangelisasie is daardie dimensie wat spesifiek daarop gerig is om aan elke persoon, oral, 'n egte geleentheid te bied om deur die evangelie uitgenooi te word tot geloof en 'n lewe in Christus Jesus – met die oog op die aanvaarding van Christus as Verlosser, die inskakeling by die gemeenskap van gelowiges en die betrokke raak by die kerk se bediening van versoening, vrede en geregtigheid op aarde, in die koninkryk van God te leef.

Evangelisasie is gerig op 'n totale mens, in sy/haar totale konteks. Die Evangelie bring vir mense en gemeenskappe goeie nuus in hul uiteenlopende lewensfases, maatskaplike en ekonomiese uitdagings, en geestelike nood.

Die persoon wat die goeie nuus dra, bring dus nie pasklaar antwoorde en kitsoplossings nie maar luister saam met haar gespreksgenoot na wat die Here vir albei partye sê. Die persoon wat die goeie nuus dra word ook in die proses aangespreek, uitgenooi en verander.


4.2.2 UITGANGSPUNTE

- Ons getuig van die liefde van God die Vader vir sy hele skepping.
- Ons getuig van die hart van die evangelie: Jesus Christus is die Here; Hy is opgewek, Hy het opgestaan. Ons getuig dat dit ons lewens direk raak.
- Ons getuienis geskied in die krag en onder inspirasie van die Heilige Gees.
- Ons getuienis, waarvan geloofsgesprekke deel vorm, is gerig op ontmoeting met Christus en met 'n nuwe toewyding aan Hom.
- Ons getuienis geskied onder die indruk van die implikasies wat 'n keuse vir Christus vandag het.
- Ons getuienis is kontekstueel. Ons moet seker maak ons verstaan goed met wie ons te doen het in ons getuienis: Wat is die ander se agtergrond, omstandighede en diepste nood?
- Ons getuienis word gedra deur 'n passie vir groter heelheid, herstel, vryheid en vrede vir medemense.
- Ons praat nie uit die hoogte met mense nie. Ons is óók brose mense wat deur God verwelkom is.
- Ons getuienis is nie veroordelend nie, maar omarmend.
- Ons getuienis is dringend, nie omdat ons getuig vanuit vrees nie, maar vanuit die hoop dat Christus leef, regeer en weer sal kom.

4.3 ONTWERP VAN 'n RAAMWERK VIR GESPREK

4.3.1 RETORIESE RAAMWERK

Die volgende "retoriese" raamwerk is ontwikkel om die verskillende komplekse verbindings wat ter sprake is in evangelisasie uit te beeld:



Die model verduidelik hoe verskillende aspekte van evangelisasie in mekaar steek en van mekaar afhanklik is.

- LOGOS: Wat glo ons? *Wat is die goeie nuus vir mense?*
- ETOS: Wie is ons? *Hoe beliggaam ons die goeie nuus?*
- PATOS: Wie is die mense met wie ons praat? *Hoe koester ons ruimtes vir gesprek oor geloof?*

4.3.2 BYBELSE BEELDE WAT DIE GOEIE NUUS UITBEELD (LOGOS ASPEK)

Gemeentes is d.m.v. terugvoerblaaie gevra na beelde, metafore en verhale in die Bybel wat die goeie nuus verduidelik. Terugvoer is via die Taakspan vir Missionale Ekklesiologie van meer as 50 gemeentes ontvang.

- God die Genadige maak nie onderskeid nie (Mat 20:1-16; Hand 10:11-14, 27-28)
- Die Gees as Trooster gee ons hoop (Joh 14:15-31)
- Jesus die Gewer van Rus nooi ons om ons laste neer te lê (Mat 11:28-30)
- Jesus laat ons grense oorsteek (Joh 4:1-26; Lukas 10:1-16)
- Jesus is genoeg (Joh 6:35; Eks 16:31-36; Open 22:17; Luk 12:22-33)
- God die Herder beskerm en lei ons (Ps 23; Ps 80:2; Jes 40:11; Eseg 34:12)
- Jesus die Goeie Herder lê sy lewe af vir ons (Joh 10:11-18)
- Jesus die Goeie Herder is by ons (Joh 10:1-5; Mat 28:20; 1 Pet 2:25)
- Jesus die Gasheer herstel ons menswaardigheid (Luk 14:15-24; Ps 23:5-6)
- Jesus gee vir ons daaglikse brood (Mat 6:11; Joh 6:1-15; Mat 7:7-12)
- Die Gees as Voorspraak tree vir ons in (Rom 8: 26-27)
- God gee vir ons vastigheid soos 'n rots (2 Sam 22:32; Ps 18:3; Ps 28:1; Ps 89:27; Jes 17:10; Jes 28:16; Mat 7:24-27)
- God die Koning skryf ons skuld af (Mat 18:21-35)
- God die Moeder versorg en tel ons op (Jes 66:13; Ps 131:2; Luk 13:34)

- Jesus die Offer versoen ons met God (Hebr 10:11-18; 1 Pet 1:17-21)
- Jesus die Bevryder verlos ons van die Bose (Mat 4:1-11; Mat 6:13)
- God die Skepper onderhou alles (Gen 2:1-4; Ps 8; Ps 121; Job 38; Rom 8: 18-25; Open 4:1-11)
- Die Gees as Getuie vertel ons alles van Jesus wat ons nodig het (Joh 16:12-15)
- Die Gees as Gewer laat ons vrug dra (Gal 5:19-26; Mat 12:33)
- Jesus die Here oorwin alle magte (Mk 4:35-41; Mk 6:45-52; Fil 2:5-11; Open 1:9-20; Rom 8:38; Kol 2:15)
- Jesus soek ons selfs as ons wegbeur (Luk 15:1-31)
- Jesus die Leermeester leer ons hoe om te leef (Mat 5:1-12; 1 Kor 13; Rom 13:8-14; Deut 6:4-25; Ps 119:9-16)
- God die Vader vergewe ons (Ef 2:1-10; 1 Joh 1:6-10)
- Jesus die Koning laat Sy nuwe wêreld kom (Mk 1:14-15; 1 Joh 2:12-17; Op 1: 4-8; Op 11:15-19)
- God plant ons by 'n waterstroom (Ps 1)
- God die Reisgenoot loop saam met ons (Luk 24:13-35)
- God die Pottebakker vorm ons (Jer 18:1-6; 2 Kor 4:7; Gen. 2:7)
- Jesus die Wingerdstok voed ons (Joh 15: 1-8)
- Jesus die Lig vir die Wêreld verdryf die duisternis (Joh 1:1-4; Joh 8:12; Mat 17:1-8; Luk 1:78; Gen 1:2-3)
- God die Bevryder lei ons uit slawerny (Eks 3:7-10; Eks 12:31-40; Eks 20:2; Ps 114; Jes 35)
- God die Koning stel onreg reg (Amos 4:1-2, Amos 5:10-13, Amos 8:4-7, Amos 9:13-15; Jes 33:1-6; Mat 5:6)
- Jesus die Dienskneg was ons voete (Joh 13:1-17)
- God die Losser koop ons vry (Rut 4:13-17)
- Jesus die Weg wys ons die pad (Joh 14:6; Hebr 12:2; Eks 13:21-22)
- God die Heerser maak alles nuut (Op 21:1-8; Jes 43:18-21)
- Jesus die Koringkorrel sterf sodat ons kan leef (Joh 12:24)
- Jesus die Lewende Water les ons dors (Joh 7:37-39)
- Jesus gee ons 'n nuwe kleed om aan te trek (Open 3:4, 6:9-10)
- Jesus die Slaaf bedien ons (Fil 2:6-8; Mk 10:42-45)
- God die Vader ontvang ons terug (Luk 15:20-24)
- Jesus die Groot Geneesheer maak ons gesond (Luk 6:6-11, 17-19)
- Jesus die Lewende Brood voed ons (Joh 6:22-35)
- Jesus die Vredevors laat luiperds tussen bokkies lê (Jes 11: 3-10)
- God die Regter straf onreg (Rom 12:19; Mat 5:39)
- Jesus die Gekruisigde ontmasker sistemiese onreg (Luk 1:46-55; Luk 43:47)
- God tree as persoon met ons in verhouding (Gen 1:26-27; Jer 31:33)
- God laat ons vlieg soos 'n arend (Jes 40:30-31)
- God die Heilige op die troon laat ons buig (Op 4)
- Jesus die Lam van God neem die sonde van die wêreld weg (Joh. 1:29; 1 Pet 1:18-19; Jes 53:5-7)
- Jesus die Gesalfde laat my deel in sy salwing (Luk 2:26; Hand 10:38; 1 Joh 2:20)
- Jesus die Bruidegom kom ons as geliefdes haal (Mat 22:1-14; Op 19:7-9; Op 21:2; Joh 3:28-30)
- God die Reiniger was ons skoon (Jes 1:18; Ps 51:9; Titus 3:5; Hebr 9:22)
- Die Gees vervul ons soos Vuur (Mat 3:11; Hand 4:31; Lev 9: 23-24; Ps 66:10; Spr 17:3)

4.3.3 PROTOTYPE: MATERIAAL VIR EVANGELISASIE TOERUSTING IN GEMEENTES

Verteenwoordigers van die taakspan en van die span wat in Weskaap hieraan gewerk het, het in Desember 2018 vir 'n tweedag werkwinkel by Bybel-Media ontmoet. (Gielie Loubser, Karlien van Wyk, Barnard Steyn, Ettienne Engelbrecht, Frederick Marais, Rethie van Niekerk, Kobus Odendaal, Pieter vd Walt, Nelis Janse van Rensburg, Heerden van Niekerk, Ankia du Plooy, Lenois Stander, Wouter van Velden.)

Nico Simpson het aan die hand van die verskeie rondes navorsing wat toe reeds gedoen is, die ontwerp van 'n prototipe gefasiliteer, wat in Welgemoed gemeente uitprobeer is. Die prototipe word tans in verskeie gemeentes getoets, en is beskikbaar by Bybelmedia.




Terugvoer word deur Ankia du Plooy byeengebring, 'n leesspan sal die analise doen, en Karlien van Wyk sal die program in die lig hiervan aanpas sodat in 'n volgende rondte in gemeentes getoets kan word.

Die materiaal is tans in die formaat van 'n VYF WEKE GEMEENTEPROGRAM, met perspektiewe om te lees ter voorbereiding vir die erediens, 'n erediens wat aansluit by die week se tema, 'n daaropvolgende groeps gesprek waarin die ervaring van gesprekke wat inge oefen is ook gedeel word. Daar is ook dagrimtes vir persoonlike bybelstudie.

Eredienste en kleingroepe fokus o.a. op die volgende 3 vrae:

- *Wie het jy die afgelope tyd gesien wat deernis by jou watter gemaak het? (patos)*
Gestuurd sien mense wat by hulle deernis en omgee wakker maak (patos). Hulle kyk anders na hierdie mense. Hulle oordeel nie meer nie, maar word ontroer. Hulle luister na ander en bly in die omgee.
- *Wat is die onvoorwaardelike Goeie Nuus vir my en my naaste? (logos)*
Gestuurd wag op God se Woord (logos) vir diegene vir wie hulle deernis het. Hulle ontvang God se onvoorwaardelike beloftes vir diegene wat hulle ontroer. Hulle getuig van God se onvoorwaardelike liefde en trou.
- *Hoe kan jy saam met jou naaste die nuwe lewe in Christus ontdek / ontgin? (etos)*
Gestuurd ontgin God se onvoorwaardelike belofte saam met dié wat hulle gesien het en ontdek saam met hulle 'n nuwe florerende lewe (etos).



Getuig oor God se liefde

Twee duidelike insigte het na vore gekom:

- *Eerstens* dat ons sal moet leer om die goeie nuus minder te verskraal en meer volledig en omvangryk te ontvang as wat in die verlede die geval was.
- *Tweedens* dat ons gespreksvaardighede sal moet aanleer en inoefen wat die goeie nuus van die evangelie waardig is en wat goed sal werk in ons tyd.

4.3.4 SLOTOPMERKINGS

- Hierdie toerustingsmateriaal fokus op die ontwikkeling van kapasiteite (kennis, houdings, vaardighede en gewoontes).
- Dit sal aangepas en verfyn word aan die hand van terugvoer uit gemeentes.
- Alle gemeentes is welkom om dit uit te probeer en terugvoer te gee aan die taakspan.
- Ons is baie bewus daarvan dat die skuif van “downloading” na dialoog” nuwe vaardighede vra. Die projek sal dus nie net kan bly by die opskrifstelling van beginsels, metodieke en navorsings resultate nie. Daar sal begroot en beplan moet word vir die aanbod van werksinkels vir praktyk skoling en begeleiding.
- Die ontwerp van so 'n opleidings werksinkel is ook 'n verantwoordelikheid van dié taakspan en dit is belangrik dat die vergadering die taakspan se werk kan kontinueer om die navorsing en ontwikkeling van die projek af te handel
- Ons hartlike dank aan gemeentes, taakspanne, teologiese dosente en Bybel-Media vir hulle deelname aan en bydrae tot die projek. Ons sê in die besonder dankie aan die volgende persone vir hulle deelname en bydrae: Gielie Loubser, Karlien van Wyk, Barnard Steyn, Rethie van Niekerk, Kobus Odendaal, Nelis J v Rensburg, Heerden van Niekerk, Frederick Marais, Ettiene Engelbrecht, Wouter van Velden, Ankia du Plooy & Pieter van der Walt (Navorsing)

5. VORDERINGSVERSLAG: KERKPLANTING EN NUWE GELOOFSGE-MEENSKAPPE

'n Projek om die verhale van reeds bestaande nuwe geloofsgemeenskappe te vind en neer te skryf, kom met vele uitdaginge. Die volgende aksiestappe is reeds deur die taakspan geneem en uitgevoer:

- 5.1 In die lig van die definisie vir nuwe geloofsgemeenskappe (sien 3.2.2 hier bo), is lede van die taakspan vir Missionale Ekklesiologie versoek om te help met die identifisering van geloofsgemeenskappe wat kan voldoen aan die kriteria soos uiteengesit. Die lys van name is deurgegee aan Dr Pieter van die Walt en die span vir verdere navorsing.
- 5.2 In diepte onderhoude is gevoer met leiers binne die verband van die NGK wat betrokke is by die ontwikkeling van geloofsgemeenskappe oor kultuurgrense heen. Die volgende bedieninge en bedieningsleiers is geïdentifiseer: Echo Youth Development, Pretoria (Jaco Strydom); Andrew Murray Congregation, Johannesburg (Rudi Swanepoel); Anchors of Hope, Port Elizabeth (Danie Mouton); Towers of Hope, Bloemfontein (De la Harpe le Roux); en Sonnekus Gemeente, Kaapstad (Riaan Esterhuysen).
- 5.3 Twee vrae met oop eindes is aan respondente gestel:
 - Hoe het dit gebeur dat jy met die betrokke gemeenskap kontak kon maak en 'n nuwe geloofsgemeenskap begin ontwikkel het?
 - Wat het jy as die grootste deurbrake of struikelblokke ervaar?Die fokus was veral om spesifiek te luister vir aspekte wat met kerkstruktuur verband hou, met die volgende vraag in gedagte: hoe het leierskapspanne daarin geslaag om binne die raamwerk van hulle tradisionele organisatoriese kultuur en reëls 'n nuwe geloofsgemeenskap oor grense heen tot stand te bring?
- 5.4 Die verhale is neergeskryf en aan 'n leesspan oorhandig. Die leesspan is versoek om as 'n eerste rondte te luister vir frases en uitdrukkinge wat hulle opval en om daaroor te reflekteer. Die resultate hiervan sal in 'n tweede rondte verder bespreek en analiseer word.
- 5.5 Persone met wie onderhoude gevoer is, is daarvan verseker dat die oogmerk van die onderhoude nie is om perfekte modelle te vind nie, maar eerder om te luister na die eerlike, ontwikkelende en brose Suider-Afrikaanse verhale waar gemeentes of gelowiges uit die hoofstroom en Afrikaanse gemeenskap (hoofsaaklik wit) ervaar dat hulle daarin slaag om – al is dit op 'n baie klein skaal – 'n nuwe geloofsgemeenskap te vorm oor kultuurgrense heen en om daarin leef.
- 5.6 Die onderhoude is gedurende die eerste semester van 2018 gevoer. Die leesspan het in November 2018 byeengekom om hulle kommentaar en vrae vir verdere navorsing te formuleer. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die projek nog in 'n aanvangsfase is, maar 'n goeie begin is reeds gemaak. Die taakspan is van oordeel dat dit in die belang van die missionale roeping van die NGK is dat die proses verder voortgesit en voltooi moet word.
- 5.7 Ons hartlike dank die taakspan, navorsingspan, respondente en Bybel-Media vir hulle deelname aan en bydrae tot die projek. Ons sê in die besonder dankie aan die volgende persone vir hulle bydrae: Jana de Lange, Jacobie Visser (PhD student in Nuwe Testament en vryskut joernalis vir Kerkbode), Ankia du Plooy en Pieter van der Walt (Teologiese Navorsing)

6. AANBEVELINGS

- 6.1 **Die Sinode spreek sy dank uit teenoor almal wat meegewerk het aan navorsingsprojekte en die ontwerp van prototipes ten einde gemeentes te bemagtig om hulle missionale roeping ten beste te kan uitleef.**
- 6.2 **Die sinode gee opdrag dat die ontwerp van 'n raamwerk vir evangelisasie binne missionale konteks voorgesit en afgehandel word, asook vir die beplanning en aanbieding van die nodige werkswinkels met die oog op praktyk-skoling en begeleiding van gemeentes wat die materiaal wil gebruik.**
- 6.3 **Die sinode gee opdrag dat die navorsingsprojek in verband die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe voortgesit en afgehandel word, met die oog daarop om die verhale van**

reeds bestaande nuwe geloofsgemeenskappe te vind en neer te skryf, as inspirasie en voorbeeld vir ander gemeentes.

6.4 Die sinode wys die taakspan vir Missionale Ekklesiologie aan vir die uitvoering van 6.2 en 6.3.

Seën word die Algemene Sinode toegebid.

Gert Cordier (Voorsitter: Taakspan Missionale Ekklesiologie)

Jana de Lange (Koördineerder: Kerkplanting en Nuwe Geloofsgemeenskappe)

Gielie Loubser (Koördineerder: Evangelisasie binne Missionale Konteks)

Pieter van die Walt (PSD Teologiese Navorsing)